HOËRSKOOL PRETORIA-NOORD

PRIVAATSAK X05
PRETORIA-NOORD
0116
E-pos: administrasie@pnhs.co.za

H/V BERGLAAN EN EEUFEESSTRAAT
PRETORIA-NOORD
TEL: (012) 546-6590
FAKS: (012) 546-9463

Geagte graad 7 ouer

INSKRYWINGS VIR GRAAD 8 IN 2020

Neem asseblief kennis dat die Gauteng Departement van Onderwys se voorlopige bestuursplan vir inskrywing vir 2020 vrygestel is. Graad 8 inskrywings vir 2020 sal amptelik open op Maandag, 6 Mei 2019 om 08h00 en sluit op Vrydag, 14 Junie 2019 om middernag. Enige aansoek na 14 Junie 2019 word geag as 'n "laat aansoek" en deur die distrikte geplaas waar hulle spasie kan vind.

Sedert 2017 word slegs aanlynaansoeke aanvaar. U doen aansoek by www.gdeadmissions.gov.za en sal 'n toelatingsnommer ontvang. Leerders word streng volgens die volgorde van hierdie toelatingsnommers geplaas. Hierna moet die ouer binne 'n week inskrywingsdokumente by die skool van keuse inhandig om die aanlynaansoek te bevestig. Inskrywingsdokumente is beskikbaar by die navraetoonbank. Geliewe te let dat hoe vinniger hierdie dokumente ingehandig word, hoe vinniger kan ons administratiewe personeel die dokumentasie op die stelsel bevestig en so u aansoek finaliseer.

Neem asseblief kennis dat H/S Pretoria-Noord oor die afgelope paar jaar 'n geweldige toename in die aanvraag na plek by die skool beleef. Verlede jaar was die skool reeds vol teen 10h00 die oggend wat inskrywings geopen het. Die skool het hierdie jaar sy kapasiteit bereik met oor 'n duisend leerders en der halwe sal ons vir 2020 slegs **175** graad 8 leerders kan aanvaar. Ons wil u daarom sterk aanbeveel om so vinnig as moontlik aansoek te doen om u plek te verseker indien H/S Pretoria-Noord u skool van keuse is.

Ten einde die proses vir ons werkende ouers te vergemaklik sal ons navraetoonbank ook na ure oop wees vanaf 17h00 – 19h00 vir die inhandiging van inskrywingsvorms of hulp met aanlynaansoeke vanaf Maandag 6 Mei 2019 tot Donderdag 9 Mei 2019. U is egter welkom om op enige ander dag vanaf 6 Mei 2019 - 14 Junie 2019 gedurende skoolure (vanaf 06h30 tot 15h00) u inskrywing af te handel.

Maak seker dat u die volgende dokumentasie saam met u inskrywingsvorms inhandig:

- Geboortesertifikaat van leerder
- Bewys van u fisiese woonadres (water en ligterekening)
- Laaste laerskoolrapport van u kind
- Afskrifte van ouers/voogde se ID-dokumente

Enige verdere navrae kan gerig word by 012 546 6950 of by administrasie@pnhs.co.za .
Baie sterkte met die inskrywingsproses.

Vriendelike groete

Mnr. CJC Driescher
Hoof: H/S Pretoria-Noord